

**Jan Steyn preek 15 Julie 2018**

**Teks: 1 Korintiërs 9: 19-27**

**Tema: Wat maak ons met ons vryheid?**

**Inleiding:**

Dit is nie altyd maklik om in ons samelewing vandag as Christen oor vryheid te praat nie. Ek dink die groot rede is dat in die samelewing Christenskap en die Bybel baie keer as die vyand van vryheid gesien word. Vryheid beskou mense tog in die algemene sin as dat ek kan kies wie en wat ek wil wees. Dat ek self moet kan kies wat ek wil doen en met wie ek dit wil doen en wanneer ek dit wil doen. Niemand moet vir my voorskryf nie. Die engelse woordeboek se definisie van **freedom** is as volg: **The power or right to act, speak and think as one wants. Or the state of not being imprisoned or enslaved.** Ek wil hiervolgens ook self besluit wat die reëls moet wees waarvolgens ek gaan leef- die engelse uitdrukking is dat ek my eie moral universe wil skep. Die Bybel word gesien as vyand van hierdie manier van dink en leef want die Bybel leer ons tog besliste reëls van hoe ons moet leef en optree. Omdat vryheid as hierdie persoonlike of ek-ding gesien word, word daar soos in die engelse definisie wat ons gehoor het, baie klem gelê op my regte en die magte (power) wat my toekom.

In 1 Korintiërs 9 praat Paulus met ons oor die belangrikheid van vryheid. Die eerste sin is die vraag: Is ek nie vry nie? Die vraag is retories. Natuurlik is hy vry. Hy verduidelik dit baie mooi in Galasiërs 5:1: Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. In 2 Korintiërs 3:17 skryf hy weer: Waar die Gees van die Here is, is daar vryheid. En hierdie Gees leef tog in God se kinders. Paulus is een van daardie mense wat in Christus werklik vry gemaak is. Sy vryheid is vir hom net so belangrik soos wat mense vandag se vryheid vir hulle is.

**Hoe verskil die Christelike vryheid waarvan Paulus praat van die samelewing se manier van dink oor vryheid?**

**Die eerste is dat die samelewing se vryheid ek-gerig alleen is, die Christelike vryheid is ook andergerig:**

Die samelewing se vryheid het ek reeds aangedui is op myself en my behoeftes en my regte gerig. Paulus praat anders oor vryheid. As apostel is Paulus vry om betaling te ontvang vir die diens wat hy aan gemeentes lewer. Hy kies om nie daardie vryheid te gebruik nie en onderhou homself deur tente te maak.

Paulus is vry om nie meer volgens die Joodse gebruike te leef waarmee hy self groot geword het nie. Nou lees ons egter in vers 20: Vir die Jode (letterlik vir hulle onder die wet) het ek soos 'n Jood geword om Jode te wen. Hy het onder andere die sabbat nagekom ter wille van die Jode anders sou hulle hom nooit by hulle sinagoges laat optree het nie. Hy het vir Timoteus sy jong medewerker laat besny, al was die besnydenis nie meer nodig nie, want Timoteus het 'n Joodse ma gehad. Hy wou daardeur vir die Jode wys dat hy hulle gebruike steeds respekteer. Paulus self het volgens die Joodse gebruik soms nog offers gebring, al het hy geweet die offerkultus van die Ou Testament het met Jesus se kruisdood tot 'n einde gekom.

Paulus skryf ook hy het vir hulle wat nie onder die wet was nie, die heidene, soos een geword wat nie meer onder die Joodse wet staan nie. Hy het die Sondag saam met hierdie Christene gevier, net soos hy die sabbat saam met die Jode gevier het. Paulus het nie vir Titus laat besny nie, want hy was 'n Griek en hy wou vir Christene uit die heidendom herinner die besnydenis is nie meer nodig vir mense wat Jesus-navolgers is nie. Vir die heidene leer hy in Romeine 12 om hulle liggame of hulself te offer en om dankoffers te gee in plaas van die Ou Testamentiese offers.

Paulus praat ook oor die swakkes in vers 22: Vir die swakkes het ek swak geword om die swakkes te wen. Die swakkes was mense wat nie vleis wou eet wat aan heidense gode geoffer is met die slagproses nie. Amper soos Christene vandag wat nie almal halaal vleis wil eet nie. Paulus was aan die kant van die sterkes wat wel daardie vleis geëet het, wat geweet het wat by jou mond ingaan maak jou nie onrein nie, maar wat uit jou binneste uitkom. Tog as Paulus by die swakkes was, het hy ook nie vleis geëet wat aan die afgode geoffer was nie. Dis nie soos jy as jy hierdie vriend het wat 'n alkoholies is, nie die tafel vol drankbottels pak as hy kom kuier nie.

Paulus klink of hy alles vir almal probeer wees het. Dit lyk of hy nie eintlik 'n identiteit gehad het nie. Of hy maar net hierdie verkleurmannetjie sonder identiteit was. Tog is dit nie waar nie. Sy identiteit is eintlik kliphard en duidelik: Dis om die evangelie te verkondig waar hy ook al kom en om mense vir die Here Jesus te wen. Hoewel ek vry is en van niemand afhanklik nie, het ek my aan almal diensbaar gestel (letterlik almal se slaaf of dienaar geword) om soveel mense as moontlik mense vir Christus te wen. Dis om na die voorbeeld van die Here Jesus self te lewe. Hy het volgens Filippense 2 sy vryheid om as Seun van God by Sy vader in die hemel te bly, prys gegee om mens te word en vir ons te kom sterf sodat ons vir God gewen kan word. Hy het Sy vryheid vir ons prys gegee.

Die hart van Paulus se siening van vryheid is dat vry genoeg was om sy vryhede prys te gee om mense vir die Here te wen en te behou. Die mens wat seker is van wie hy of sy is, gee nie om om ander te dien nie. Vir Paulus beteken sy vryheid dat hy vry is om ander mense te dien. Dis hierdie soort vryheid wat ons kinders as navolgers van Jesus moet leer. Om ander te dien is deel van ons geestelike DNA.

Ek kyk onlangs 'n dokumentêr oor Rich Froning, die viermalige Wêreld crossfit kampioen. Wat van hierdie ou uitgestaan het, was sy ongelooflike werksetiek en hoe hy ure op sy eie kon oefen. Toe hy deur joernaliste gevra is hoe hy dit regkry om vir jare so hard te werk, was sy antwoord dat hy dit van kleins af in sy ouerhuis geleer is. Hy moes eers sy deel van die werk op die plaas doen voordat hy kon gaan speel. Om hard te werk was nie vir hom iets vreemd nie. Dit was deel van sy DNA. Net so behoort om ander te dien nie vir ons hierdie vreemde of ongewone ding te wees nie. Ons moet ons kinders leer Bybelse vryheid is nooit net hierdie ek-ding nie, maar hierdie ons-ding. Dis nooit net op jousef gerig nie, maar op ander ook.

**Die tweede is dat die samelewing se vryheid, myself as hoogste gesag stel. Die Christelike vryheid stel Christus self as hoogste gesag.**

Paulus skryf dat hy vry is. Hy is nie meer onder die wet soos die Jode nie en hy is nie sonder die wet soos die heidene nie. Hy is in Christus of onder die wet van Christus, skryf hy in vers 21. Wat is hierdie wet van Christus? Ek glo dis waarna hy in Galasiërs 6:2 verwys: Dra mekaar se laste en gee op hierdie manier uitdrukking aan die wet van Christus. In Galasiërs 5 kom hy by dieselfde gedagte uit: Julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid gebruik om sonde te doen nie, maar dien mekaar in liefde. In die Ou Testament en die Joodse wet gaan alles oor reëls en verpligtings. In die Nuwe Testament gaan dit oor verhoudings eerste. Dus leer Paulus en Jesus self ons nie eerstens daar is geen vryheid sonder reëls nie. Hulle leer ons daar is geen vryheid sonder liefde vir ander nie. Die samelewing se idee van vryheid staan lynreg hierteenoor: Dit leer ons dat jy jou eie laste moet dra en so uitdrukking gee aan jou eie selfverwesening en selfvervulling.

**Die derde is dat die samelewing se vryheid beteken ek doen waarvoor ek lus is. Ek kan ook binne my gemaksone bly as ek wil en dit so kies. Ek bepaal my fokus of kan daarsonder ook wees. Christelike vryheid beteken jy is doelgerig en weet waarvoor jy hier is.**

Paulus het geweet hoekom hy daar was. Sy doel was duidelik. Om soveel moontlik mense vir die Here Jesus te wen. Hy gebruik die sportbeeld van die atleet wat hardloop vir die eerste plek en die bokser wat nie in die lug slaan nie om ons prentjies van doelgerigheid te gee. Agter die beeld van die atleet en die bokser is natuurlik dissipline ook. Vir mense wat so sterk staan op hul eie vryheid, is dissipline nie altyd hierdie lekker woord om te hoor nie. Maar geestelik sal ek nooit groei sonder dissipline nie. Dis soos ek 'n paar jaar gelede agter gekom het ek gaan nie fiks word van die Runners World of Mens Health te lees nie. Jy moet maar uitgaan om te gaan oefen. Ons moet ons kinders help om te beseff geestelike groei vra dissipline. Ons moet hulle help om soos Paulus doelgerig te wees en te weet

waarvoor hulle hier is. Ken Costa skryf 'n boekie met die naam Know your why. Weet hoekom jy hier is.

Deel van die doelgerigtheid as kind van die Here, skryf Paulus aan die einde van die hoofstuk, is om so geestelik te lewe en op te tree en te groei dat jy nie ander tot die stryd oproep of verwag om op 'n sekere manier te lewe en op te tree en te groei as ons dit nie self doen nie. Waar is dit meer waar as met ons kinders.

### **Hoekom is die Bybelse leer oor die Christelike vryheid so belangrik vandag?**

Ons vier volgende jaar 500 jaar sedert die Reformasie of groot Kerkhervorming begin het. In 1520 het Martin Luther die vader van die reformasie of groot hervorming as toe nog priester in die Roomse kerk 'n traktaat aan die pous van daardie tyd geskryf met die titel oor die vryheid van die Christenmens. Die Christenmens was in daardie tyd alles behalwe vry. Mense het in kerke gesit en nie die Woord verstaan wat die priesters gepreek het nie. Dit was alles in Latyn en daarom het die gewone mense dit nie verstaan nie, hulle het nie die Bybel in hul eie taal Duits gehad nie en maar alles klakkeloos aanvaar wat die priesters en die kerk geleer het. Een van daardie dinge wat die kerk sy lidmate geleer het, is dat hulle aflate of geldelike boetes moes betaal vir hulle sonde.

Die Roomse kerk het nog altyd geglo in purgatorio of die vagevuur wat hierdie tussen toestand tussen die hemel en die hel was. In purgatorio kon jy nog gesuiwer word van die onvolmaakte en verkeerde in jou of iemand kon vir jou bid en boete doen en jy kon dalk nog dan die hemel bereik. Die kerk het hier die kans gesien en die lidmate geleer dat as hulle aflate betaal, hulle hulself of hulle geliefdes uit die vagevuur kon hou of kon kry. Die kerk wou hierdie geld gebruik om die luukse en magtige St Pieterskerk in Rome te bou. Dit sou die groot monument van die pous en die kerk se mag wees. Dis eintlik te verskriklik om te bedink: dat mense gedink het die kerk en die pous beheer toegang na die hemel. Luther kom in opstand teen hierdie aflate en in sy traktaat oor vryheid begin hy met die vraag wat 'n Christenmens is en hoe lyk hierdie vryheid waaroor Paulus skryf. Hy antwoord hierdie vraag as volg. Ons het dit vanoggend gelees in vers 19:

'n Christen is geheel en al 'n vrye heer oor alles en niemand se onderdaan nie. 'n Christen is geheel en al almal se dienende kneeg en aan almal onderdanig.

Dink hoe help dit ons en ons kinders. Die belangrikste is wat die Here van ons dink en waar ons in Hom staan en leef. Ons moenie so afhanklik wees van mense se opinies en hulle gedagtes oor ons nie. Want as jy afhanklik is van mense se opinies en sienings oor jou gaan hulle jou agenda en jou prioriteite bepaal. Gaan hulle vir jou vertel wie jy is en wie jy moet wees. Ons moet ons kinders leer om vir hulself te dink. Om nie soos bedelaars te leef van die krummels van ander mense se goedkeuring nie. Ons

moenie ons lewens so laat bepaal deur wat die celebreties op you tube of die tv nou weer gedoen het of gedra het nie. Maar hierdie vryheid is die vryheid nie om weg van mense te staan en maar net vir myself te leef nie. Dis die vryheid om ander in liefde te dien. Soos wat die Here Jesus vir jou en my gedoen het.

Paulus was vroeër in sy lewe 'n Fariseer, lid van die sterkste wetsonderhoudende groep in die Joodse godsdien. Mens verstaan iets van sy siening van vryheid nadat hy die Here Jesus op die Damaskuspad ontmoet het. Die Fariseers het hulle identiteit omskryf deur hulself af te grens van ander mense. Dank die Here ek is nie soos die ander nie, was hulle slagspreuk. Maar Jesus en daarom Paulus se identiteit was om by ander betrokke te raak. Die Fariseers het grense getrek om hulle identiteit te bepaal- hulle identiteit was bepaal deur wie hulle uitgesluit het. Jesus en daarom Paulus het grense oorgesteek om vir prostitute en tollenaars en sondaars God se liefde te wys. Hulle identiteit was in wie hulle ingetrek en nader getrek het. Wanneer Paulus dus vir almal alles word, doen hy eenvoudig wat die Here Jesus self gedoen het. Paulus se identiteit was dus om navolger van Jesus te wees en om ander mense te roep om Hom ook na te volg. As ons die vryheid van die Christenmens so verstaan, kan ons ons kinders help om nie net reg oor die Christelike vryheid te dink nie, maar inderdaad oor hulle identiteit in die Here.

**As ons ons kinders wil help met vryheid, moet ons hulle met twee dinge help. Help hulle om los te maak- van die samelewing en die media en die internet se vals idees oor vryheid.** Want hierdie vals idees oor vryheid en regte het al magtige individue en maatskappye en moondhede so laat optree dat hulle ander mense en die natuur benadeel het. Ons het al genoeg die verwoestende gevaar in aksie gesien van vryheid wat net setel in my regte en magte. **Ons moet hulle tweedens help om vas te maak- aan die Bybelse idees van vryheid** wat ander mense dien en die natuur sien as skepping van God wat bewaar en opgepas moet word. Dis om hulle te leer hulle is vasgemaak in Christus, onder Sy wet van die liefde en diens aan ander en daarom waarlik vry.

Amen